

22 November

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3-12 (NAV)
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:4

Ons praat voortdurend oor julle!

“Daarom praat ons met trots van julle in al die gemeentes van God en vertel ons van julle volharding en geloof onder al die vervolging en lyding wat julle moet verduur.”

Uit die tweede brief van Paulus, Silvanus en Timoteus aan die Tessalonisense is dit baie duidelik dat die gelowiges in hierdie gemeente onder swaar beproewing gebuk gaan. In die eerste brief was daar reeds melding gemaak van *die baie moeilike omstandighede* (1 Tess. 1:6) en ook hier in die begin van die tweede brief word verwys na *die vervolging en die lyding* wat hulle moet verduur.

Tog is dit duidelik dat die moeilike omstandighede nie hierdie gelowiges onderkry nie. God word steeds gedank dat die geloof van hierdie mense aan die toeneem is en sterker word en dat hulle liefde vir mekaar al hoe meer word (2 Tess.1:3).

Die swaarkry en die beproewing, die baie moeilike omstandighede wat hulle moet verduur, is nie besig om hulle geloof te vernietig nie, maar dit is die vuurproef van God se genade. God is besig om hulle geloof te toets en te veredel, net soos goud gelouter en veredel moet word. Die doel van God was nooit om hulle geloof te vernietig nie, maar om hulle los te maak van die aardse nietighede, sodat hulle geloof *lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus* (1 Pet. 1:7).

Waar gelowiges volhard in die geloof *te midde van en ten spyte van* baie moeilike omstandighede, gaan 'n sterk getuienis uit na ander gelowiges om ook te volhard. Om nie moed te verloor nie en nie toe te laat dat hulle deur hulle omstandighede oorweldig word nie. Of dit nou armoede of siekte of die dood van 'n geliefde is en of dit nou die worsteling is vanweë korrupsie en misdaad, is dit nodig dat ons as gelowiges sal vashou aan die fondasie van ons bestaan ... ons geloof in Jesus Christus.

Wanneer gelowiges so volhard in die geloof, dan word daar met trots van hulle geloof gepraat van die voorbeeld wat deur hulle gestel word. En so ontvang God die eer!

Sing: Psalm 126

Ds. OJ Struwig (Delmas)